

Skriflesing: Lukas 2:8-16; Johannes 1: 1- 14

Teks: Johannes 1:14

Sing: VOORAF SANG- Lied 348: 1,2

TYDENS EREDIENS- Ps. 118: 12,13 ; Ps. 98: 1, 2; Sb. 4-8 (5): 1, 2; Sb. 2-4 (33):1,3

Lukas 2:8-16

Luk 2:8 Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.

Luk 2:9 Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik.

Luk 2:10 Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is.

Luk 2:11 Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!

Luk 2:12 En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê."

Luk 2:13 Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:

Luk 2:14 "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"

Luk 2:15 Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het."

Luk 2:16 Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê.

Johannes 1: 1- 14

Joh 1:1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.

Joh 1:2 Hy was reeds in die begin by God.

Joh 1:3 Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.

Joh 1:4 In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

Joh 1:5 Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

Joh 1:6 Daar was 'n man wat deur God gestuur is. Sy naam was Johannes.

Joh 1:7 Hy het gekom om te getuig; hy moes getuig van die lig, sodat almal deur hom tot geloof kon kom.

Joh 1:8 Hy was self nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

Joh 1:9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe.

Joh 1:10 Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie.

Joh 1:11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.

Joh 1:12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

Joh 1:13 Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.

Joh 1:14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Skriflesing: Lukas 2:8-16; Johannes 1: 1- 14

Teks: Johannes 1:14

Sing: VOORAF SANG- Lied 348: 1,2

TYDENS EREDIENS- Ps. 118:12,13 ; Ps. 98: 1, 2; Sb. 4-8 (5): 1, 2; Sb. 2-4 (33):1,3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vandag op hierdie Kersdag kom ons tekswoorde uit

Johannes 1 wat ons dadelik laat wonder wat bedoel Johannes nou eintlik dat hulle die heerlikheid van Christus aanskou het. Hy praat van hierdie heerlikheid in die verband van die *Woord wat vlees geword het... en Hy het onder ons kom woon... en voeg Johannes by en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom.*

Ons is op hierdie Kersdag duidelik bewus as ons van heerlijkheid lees en dit wat die wêreld as iets mooi en heerlik beskryf, is dit beslis nie dieselfde nie. Christus se heerlijkheid by sy geboorte lyk heeltemal anders as dit wat mense mag verwag. By Jesus se geboorte is daar eintlik niks wat aan aardse heerlijkheid herinner nie. Inteendeel!

Sy geboorte word wel deur engele die wêreld ingedra, maar die engele raak met herders besig. Mense wat in hierdie wêreld op neergesien was. Skaapwagters, die herders by Kersfees, wat NP van Wyk Louw 'n keer 'n besondere gedig geskryf het. Hy skryf in 'n langerige gedig en dan lees die laaste reëls ... dat *-Die eerste oë wat Hom sien/ was skaapwagters vol strooi en stof/ kras manne wat in skerms woon / en ruik na bok en rook en mof ...*

Sy geboorte word nie eerstens 'n kerklike saak van gemaak nie, die engele wou nie eerste na die hoëpriesters gaan om hierdie geboorte aan te kondig nie. Natuurlik kon hulle as God dit wou. God wou dit anders maak, 'n anderster heerlijkheid wat die wêreld maar nog min van weet en wat ons moeilik oor gepraat kry, maar ons moet op hierdie Kersdag daarvan hoor en seer sekerlik daarvoor kan praat.

Ook die wyse manne uit die Ooste het in hulle naïwiteit by die paleis van Herodes navraag gedoen oor die geboorte van die Koning. Dit het op die einde 'n hele tragedie veroorsaak. Hoeveel kindertjies is doodgemaak omdat hierdie een Kindjie, Hy wat die Christus is gebore is. Herodes neem verskriklike besluite as dit op enige wyse lyk daar vir hom 'n bedreiging was. Van heerlijkheid kan daar in die opsig geen sprake wees nie. Daar is geen heerlijkheid daarin as 'n ma ontroosbaar oor haar kindjie bly treur nie ... soos die profete dit ook geprofeteer het, hierdie ma's was nooit getroos nie- *'n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geweën en groot gekerm; Ragel beweën haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie (Matt. 2:18).*

Niks van Jesus se geboorte het met koninklike paleise en enige grasia te make nie. Dink aan die huilende ma's. Dink daaraan ... Hy word in 'n stal gebore, sy wiegie is 'n krip sy bed van strooi. Die teken wat die herders ontvang as hulle hierdie kindjie moet uitken is ook geen teken van

heerlikheid nie, maar sê die engele ... *Dit is vir julle die teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê* (Luk. 2:12).

In elke opsig is die heerlikheid wat Johannes skrywe ... *ons het sy heerlikheid gesien* ... beslis nie op die oog af rondom Christus se geboorte te bespeur nie. Of kom ek stel dit anders, dit is geen heerlikheid wat die oog en die hart van die mens dadelik kon opval nie.

So was Jesus se hele lewe op aarde 'n lewe wat spreek van eenvoud met beslis nie baie aardse besittings nie. As timmerman kind in die ou dorpie Nasaret, 'n plek waar baie mense op neergekyk het, het Hy opgegroeï. Hy het geen geleerdheid gehad, enige openbare posisie beklee nie, ja in baie opsigte wil dit lyk al wat Hy gehad het, was die klere wat Hy aangetrek het. In Lukas 9 vers 58 sê Hyself - *“Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.”* Ook aan die kruis toe die soldate oor sy klere kibbel is daar eintlik maar net 'n bokleed en onderkleed wat die soldate Hom van gestroop het. Hy het niks anders gehad nie.

Jesus het nie wapens gedra nie, ja hoe weerloos was Hy nie in hierdie wêreld nie. In die een gelykenis wat Jesus vertel spreek sy weerloosheid so duidelik. In die gelykenis van die landbouers vertel Christus hoe die eienaar van die wingerd uit radeloosheid oor die ontrou van die landbouers oplaas sy eie seun na hulle gestuur het om die huurgeld te gaan haal. Die eienaar het darem gehoop dat hulle respek sal hê vir sy seun en sy huurgeld vir hom gee. Intussen doen die landbouers dit wat Jesus geweet het met Hom sou gebeur. Die landbouers sê vir mekaar – *Kom laat ons hom dood en die erfdeel sal ons s'n wees.* Daar is so baie dinge wat in Jesus se lewe gebeur, presies soos die profeet Jesaja dit geprofeteer het - Jesaja 53- 3 *Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.*

Die heerlikheid wat Johannes en die apostels in Christus gesien het, was nie alleen 'n anderster heerlikheid as dit wat mense as heerlikheid in hierdie wêreld beskou. Die kwaliteit daarvan is ook heel anders. Dit is ook heel uniek. In 1 Joh. 2:16 - 17 dan skryf Johannes later oor hoe die wêreld se heerlikheid so broos en van verbygaande aard is. *16 Die wêreldse dinge – alles wat*

die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. 17 En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

Om vandag te mag sê dat die heerlijkheid waarmee Johannes na Christus kyk het wel te doen met die majesteit en almag en ewige krag van God maar sal ons Christus se heerlijkheid op die einde nog dieper moet gaan soek. 'n Soeke wat Kersfees ook nie mag mis nie. Ja, in die veld en wat die herders aanskou was iets van 'n vlugtige moment toe die heerlijkheid van God op hierdie paar mense vir enkele minute daardie nag geskyn het. Terwyl Jesus op aarde was, was daar meer kere sulke vlugtige momente van God se alles oortreffende heerlijkheid. Dink maar aan Jesus se verheerliking op die berg, enkele dae voordat Golgota 'n werklikheid sou word. Tog het die grootste deel, selfs die meeste van Jesus se dissipels het nie in hierdie heerlijkheid gedeel nie.

As ons vandag oor die heerlijkheid moet nadink wat Johannes dan sê ons het dit aanskou dan weet ons die feit van Jesus se menswording, sy *vleeswording*, ja dat Hy as mens gebore is, kan hoegenaamd nie beskou word as dat Jesus se vleeswording, die feit dat Hy mens geword het, met enige heerlijkheid verband kan hou nie. Sy gewoon menslike vlees was net so breekbaar en aan verganklikheid onderwerp soos met ons liggame die geval is. Hy het ook honger gekry, Hy was dors, ja aan versoeking en lyding was Hy net so onderworpe soos ons ook daaraan onderworpe is. As Jesus op sy liggaamlike geoordeel moes word, was daar eintlik van God se almag en majesteit niks ooglopend aan Wie Jesus op aarde was nie.

As ons vandag op hierdie Christusfees dan in ons viering Christus se heerlijkheid nie wil verbygaan nie, dan sien ons dit nie in die stal, in die krip, of die feit dat daar engele gesing het en wyse manne wat 'n besondere ster gevolg het nie. Ons sien Christus se heerlijkheid nie ooglopend in al hierdie gebeure nie, maar tog is sy heerlijkheid wel agter al hierdie gebeure aan die werk. Dis asof die oog nie die heerlijkheid kan sien nie, maar as die oog verby die sigbare kan kom, dan begin die werklike heerlijkheid, dan begin die groot onsigbare na vore kom. Dan is deel van die besondere heerlijkheid wat Johannes en die ander dissipels moes opval Jesus se volmaakte gehoorsaamheid aan sy Vader en dat Jesus geen sonde gehad of gedoen het nie. Al was Hy aan sonde onderwerp het Hy daarvoor kon heers. Hy het die sonde ook finaal oorwin.

Dit wat ons reeds in Johannes se eerste brief ook kon bespeur- Heerlikheid wat lê in hoe gehoorsaam Christus aan die Vader was 1 Joh. 1:17- 17 *En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.*

Daarom mag ons Kersfees vier met die oë wat verby die stal en die herders kan kyk, ja kyk baie verder en kyk baie dieper, kyk selfs verby die besondere ster wat die wyse manne uit die Ooste begelei het. Ons besef Jesus se lewe was swaar, die armoede in sy huis en omgewing was baie erg. Daar is geen heerlikheid daarin om so swaar in die lewe te kry, geen heerlikheid as ander mense Hom so kon seermaak en beledig en op die einde het almal Hom verlaat. Hulle het Hom gekruisig! Tog besef ons al is al hierdie swaar dinge geen rede tot verheerliking in wat al hierdie omstandighede rondom Jesus se geboorte en lewe teweeggebring het nie, maar die feit dat Jesus wat nog altyd God was, dit geen roof geag het, soos Paulus dit later beskryf, om sy goddelikheid op die agtergrond te plaas, dit bring ons in die brandpunt van Christus se heerlikheid ook op 'n dag soos hierdie!

Laat ons weer mooi wil hoor hoe Paulus dit saambring – Filippense 2: 6-8: *5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: 6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.* Ons moet hier ook die 1933 '53 Vertaling lees- *6 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, 7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; 8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.* Die 2020-Vertaling stel dit: *6 Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, 7 maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.*

Mag ons vandag dit wéér raaksien, dat die heerlikheid in die Christus-geboorte lê nie daarin om armoede en engele en wyse manne en sterre en herders te romantiseer nie. Dis beslis nie heerlik

om as Kindjie in 'n voerbak van diere neergelê te word nie, maar tog, al is al hierdie gebeure geen heerlijkheid op sigself nie, spreek dit van heerlijkheid tot heerlijkheid. Die Here van die heerlikheid is waaroor dit gaan en dit waartoe Christus bereid was.

Dit gee die voller verhaal van die heerlijkheid wat Johannes en die ander dissipels al hoe meer intens bewus van geword het. Die feit dat Christus Homself so kon leegmaak van Wie Hy waarlik is. Hy wat God is en Hy Homself tot hiertoe kon verneder, ja dat *Hy sy gelykheid aan God nie beskou het as iets om aan vas te klem nie*, daarin lê die grootste daad van heerlijkheid wat ons as mense ons nooit behoorlik dit kan indink of onself dit eers op 'n manier probeer voorstel nie. Ons moet ons teksverse mooi lees- ons kan Christus se heerlijkheid nie op ander plekke gaan soek as juis dit wat eerste staan nie - *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon ...* Dis waaroor alles gaan, dis waaroor sy heerlijkheid gaan en wat aanskou kon word. Die Woord word mens en boonop het Hy by ons kom tabernakel, het Hy by ons kom woon!

In sy menswording het Hy deur sy eie armoede en nederigheid die vloek van die sonde sigbaar gemaak. In dieselfde sigbaarmaking van hoe wreed die sonde die mensdom getref het, het Jesus in sy volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet ook oor die sonde getriomfeer. Hy het in alle opsigte, in versoeking, in honger en pyn, het Hy volmaakte gehoorsaamheid aan God se wil uitgeleef. Iets hiervan lees ons ook in 2 Kor. 8:9 ... *9 Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word*

As Johannes van Jesus se heerlijkheid praat, ons het sy heerlijkheid gesien dan lê sy heerlijkheid juis in sy selfontlediging. Mag ons dit in hierdie tyd baie goed raaksien dat Jesus se heerlijkheid lê in die heerlijkheid van sy selfontlediging, ja sy heerlijkheid was om geen gestalte en heerlijkheid te hê nie, sodat ons Hom sou begeer nie. Dis waarom Johannes Jesus se heerlijkheid beskryf nie in wat die aardse mens heerlijkheid meet nie, maar sien Johannes Jesus se heerlijkheid as 'n heerlijkheid *vol van genade en waarheid*. Vandag vier ons God se genade en God se waarheid wat aarde toe gekom het. Die sonde maak dit uiters noodsaaklik dat die Eniggeborene van God op aarde sigbaar sou word sodat die heerlijkheid van die genade sou word die heerlijkheid van die liefde wat bereid was om in ons ellende diep neer te daal en ons uit ons ellende te verlos.

In Christus het God sy hart in ons lewens kom wys en as't ware sy hart uitgespreek. As ons lees die Woord het vlees geword dan beteken dit tog niks anders die Woord het mens geword en is aan ons geopenbaar. God wys jou en my sy hart, Hy spreek sy hart uit, dat ons Hom mag ken as Wie Hy is, Hy wat is wat Hy is, Hy wat God is. In Christus sien ons werklik hoe God is. Dis waarom die woorde in Johannes 1 vers 18 vir ons ook groot betekenis dra. *18 Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.* In Christus verklaar God Homself, ja mag u in die stadium van u lewe, ja aan die einde van die jaar werklik sien hoe God is. En dan sien ons God in sy heerlijkheid, maar sy heerlijkheid bestaan nie net uit Sy Majesteit en krag nie, maar in die heerlijkheid van sy almag sien ons ook die heerlijkheid van sy liefde en genade. Johannes wat Jesus se heerlijkheid beskryf vol van genade en waarheid. Hy kan dit alleen sê omdat God 'n God is vol van genade en waarheid.

In sy almag kon Hy net 'n enkele woord spreek en dan het dit gebeur. So het God geskep deur te spreek, daarin lê al soveel heerlijkheid. Jesus het ook die demone nie met geweld uit mense gedryf nie, maar deur sy woord, sy almagswoord het die demone voor sy Woord moes padgee. Dink aan die besetene van Gadara, hoe die demone toegelaat is om in die varke in te vaar om die mens van hierdie bose te bevry. As die varke op Jesus se woord teen daardie kranse afstort dan is dit as't ware 'n aanskou van heerlijkheid op heerlijkheid. Die heerlijkheid van God se mag, Hy wat demone kan uitdryf, maar ook die openbaring van God se goedheid waar God dit duidelik maak Hy gee om vir ons. Hy leef Hom ons ellende in om ons juis van die ellende te verlos.

As die herders daardie Kersnag God se vleeswording beleef dan is al hierdie gebeure maar 'n floue afskynsel van hoe groot God se heerlijkheid werklik is. Niemand sal in die volle werklikheid van God se heerlijkheid kan bly leef nie, niemand kan God sien en bly leef nie, dit bly 'n ewige waarheid. Tog as die herders Christus se heerlijkheid in genade en waarheid beleef en die boodskap kon uitdra mag ons dit saam met hulle vandag wil doen. Ons vier vandag maar 'n fraksie van hoe groot God werklik is, hoe groot sy heerlijkheid werklik is, maar die fraksie is genoeg want al is God se woorde en werke in sy skepping onmeetlik groot, ontsaglik God se openbaring in die natuur. Tog is God se openbaring in 'n krip in 'n stal in Bethlehem net so vol heerlijkheid omdat dit die begin bevat van wat dit God werklik gekos het om jou ook sy kind te maak. Christus het Homself moes leegmaak ... ja mag hierdie waarheid, woorde vol van genade

en waarheid soos 'n refrein by hierdie Kersfees weerklink... *Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, 7 maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.* Dis waaroor vandag moet gaan.

AMEN